NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** http://www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Kampterreine:**
  Badseloop: Bespreek by Emiele Nel 083 391 6361 / badseloopjeugkamp@gmail.com;
  Magaliesberg Jeugkampterrein: Bespreek by Anvie Ventures, 044 696 6585 / info@anvieventures.co.za.

2 Desember 2022: Nr 42/2022

Warmnuus

❖ Sinodesitting 2022

Handelinge/Notule: Hierdie dokument sal Maandag 5 Desember op ons webwerf beskikbaar wees. 5 Desember sal dus geld as die publikasiedatum van die Handelinge.

Videos: Sommige videos is reeds op YouTube beskikbaar. Die uitstaande videos sal met verloop van tyd ook op hierdie kanaal [**kliek hier**] beskikbaar wees.
* *Amptelike opening te Nylstroom-Oos* – **kliek hier**.
* *Roland Henwood* – **kliek hier**;
* *Jannie Rossouw* – **kliek hier**;
* *Andrew Kok* – **kliek hier**;
* *Fanie Cronjé* – **kliek hier**.

Met groot dank aan Pastors of Sound, Audio Visuele diensverksaffer. Hulle is oor die vakansietyd beskikbaar indien daar enige tegniese hulp of bystand / advies benodig word. Kontak Christo du Plessis 082 902 1281.

Fotos: Baie dankie aan *Johan Laubscher* [afgevaardigde] wat fotos tydens die sitting geneem het. Kyk gerus op die laaste bladsy van die nuusbrief vir 'n lusmaker. Meer fotos sal mettertyd op ons webwerf geplaas word.

❖ Sinodehuis

Die Sinodehuis sluit op *15 Desember* en open weer op *09 Januarie 2023*.

Hoe kontak iemand die Sinodehuis? Soos voorheen reeds in die Verskil bekend gemaak het ons **NIE MEER** 'n ***landlyn*** nie!
Kontak die personeel, gedurende kantoorure [Ma-Vr: 08:00-16:00] op die volgende selnommers of stuur vir hulle 'n epos:
* Kommunikasiebeampte: Me Hermien Swart, hermien@noordsin.co.za, 072 222 6360.
* Finansiele beampte: Mev Sandra Grobler, sandra@noordsin.co.za, 079 527 2684.
* Rekenmeester: Mev Naomi van Wyk, naomi@noordsin.co.za, 082 640 1893 [slegs tot April 2023].
* Saakgelastigde: Ds Rehan Rheeder, rehan@noordsin.co.za, 083 288 7756.
* Direkteur: Ds Paul Grobler, paul@noordsin.co.za, 082 653 5734.

❖ Excelsus: Sentrum vir Bedieningsontwikkeling

2023 Jaarprogram: **Kliek hier** om die inhoud te lees en teken solank die datums aan.
Navrae: Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za / http://www.excelsus.org.za/.

Sinodenuus

❖ SKDBM Jaarverslag 2021-2022

SKDBM

Ons bring Hoop

Die SKDB-Maatskappy (SKDBM) is die koördineringsambreel. Dit funksioneer as die hoof-kantoor van die NG Kerk se diensorganisasies vir professionele diakonale dienste in die gebied van die Noordelike Sinode. Onder die gemeenskaplike visie van ***"Ons bring hoop"***

word diakonale dienste in die SKDBM-sisteem grootliks gedesentraliseerd gelewer. Dit word gedoen deur diensorganisasies (Kinderhuise en Tuistes vir bejaardes) om sodoende die betrokkenheid van plaaslike gemeentes in gemeenskappe te bevorder. [**Kliek hier** om die Jaarverslag te lees]

Universiteitsoord Eerstejaarskamp

* Eerstejaarskamp: *30 Januarie - 3 Februarie 2023.*
* Personeelkamp (senior studente): *27 - 29 Januarie 2023*

Al die inligting oor die kamp**:** https://www.universiteitsoord.co.za/eerstejaarskamp.

❖ Tekslees met 'n verskil

Dinsdag *6 Desember:* Lees uit **Lk 1:46-55**.
Kontak vir Kobus Myburg by 083 415 1452.

Neem kennis: Gedurende *Desember* en *Januarie* sal onderlinge reëlings getref word - Kontak *Fanie Cronjé* [083 415 1452] of *Kobus Myburg* [083 415 1452] vir meer inligting.

Kollega- en ander personeelnuus

❖ Beroepe

<<< Heinrich Stapelberg [Florauna] het 'n beroep na *Overkruin* aanvaar en sy afskeidsdiens vind op Sondag *18 Desember* om 09:00 by Florauna plaas.

>>> Sanddrif het **Piet Fourie** van Sasolburg-Tuinedal beroep.

❖ Verjaarsdagwense

04/12 Gert Prinsloo [Emeritus]
06/12 Abraham van Zyl [Emeritus]
08/12 Nicky Hattingh [Krokodilrivier]
09/12 Henry de la Guerre [Emeritus]
11/12 Frans de Beer [Springbokvlakte]
14/12 Lourens van Deventer [Raslouw]
16/12 Arthur Pringle [Emeritus]
19/12 Wynand van Beek [Pietersburg]
20/12 Marina Strydom [Pretoria-Oos]
21/12 Ernst Endres [Wonderpark]
23/12 Johan Botha [Emeritus]
25/12 Wollie Wolhuter [Emeritus]
Cas Jackson [Emeritus]
26/12 Nelis Botha [Wespoort]
27/12 Emil Haarhoff [Emeritus]
28/12 Stevan Botma [Emeritus]
31/12 Theunis Coetzee [Wesmoot]
01/01 Alkmaar Swart [Magalieskruin]
Snowy Swart [Emeritus]
04/01 Koos Nel [Haakdoorn]
06/01 Bettie Wagner-Ferreira [Waverley]
Sonet Dippenaar [Raslouw]
10/01 Willem Pretorius [Kameeldrif]

01/12 Malinda Lazenby [Eggenote van Martin Lazenby, Emeritus]
02/12 Reineth Prinsloo [Eggenote van Gert Prinsloo, Emeritus]
05/12 Ansie Swart [Eggenote van Martiens Swart, Emeritus]
06/12 Alet Viljoen [Eggenote van Cornél Viljoen, Ellisras-Wes]
13/12 Rita Bester [Eggenote van Jan Bester, Wierdapark]
15/12 Antoinette Opperman [Eggenote van Roelf Opperman, Kameeldrif]
17/12 Helena de Waal [Eggenote van Eddie de Waal, Daspoort]

18/12 Janetta van Niekerk [Eggenote van André van Niekerk, Waterkloof]
21/12 Jeané Visser [Eggenote van Pieter Visser, Wierdapark]
22/12 Karin Beetge [Eggenote van George Beetge, Emeritus]
23/12 Erna Kritzinger [Eggenote van Naudé Kritzinger, Wonderboompoort]
Elna Kotzé [Eggenote van Hennie Kotzé, Rustenburg]
27/12 Rinel Hugo [Eggenote van George Hugo, Emeritus]
29/12 Liesbet van der Merwe [Eggenote van Michiel van der Merwe, Stabilis]
Ronél Steyn [Eggenote van Rian Steyn, SA Gemeente Londen]
30/12 Michelle Scholtz [Eggenote van Eric Scholtz, Lynnwood]
02/01 Maria van Niekerk [Eggenote van Attie van Niekerk, Emeritus]
04/01 Délia du Plessis [Eggenote van Paul du Plessis, Emeritus]

Gemeentenuus

❖ Verjaarsdae

Springbokvlakte [12/12/1957]
Dendron [21/12/1946]
Blouberg [23/12/1954]
Rustenburg-Moeder [01/01/1850]
Mutare [08/01/1917]
Rietfontein-Suid [08/01/1954]

❖ Eenwording

Elandsrand/Krokodilrivier

Die gemeente Elandsrand stig eerskomende Sondag na vier-en-dertig jaar terug na die moedergemeente, Krokodilrivier, waarvan hulle afgestig het. Hulle vergader 8:30 vir oulaas in Elandsrand se kerkgebou vir ‘n afsluitingsdiens. Daarna vertrek hulle in ‘n konvooi na Krokodilrivier vir die eenwordingsdiens.

Elandsrand se tuin >>>

❖ Zebediela bedieningspunt

Willem Pelser [Koedoeskop] skryf die volgende**:** *“Onder ons leiding het daar ‘n nuwe gemeente in Thusang, net buite Roedtan ontstaan met ‘n Evangelis wat die dienste waarneem. Die gemeente het nou uitgebrei en hulle begin op 18 Desember ‘n nuwe bediening op Zebediela, ongeveer 50km daarvandaan. Daar is baie meer mense wat bedien kan word. Die dienste gaan in die Gemeenskapsaal gehou word.*
Ons benodig ongeveer 100 stoele en so 4 tafels. Indien daar iemand is wat oortollige stoele of tafels het wat hulle wil skenk, kan hulle my skakel op 083 276 5141.”

❖ Queenswood

Speelgoed-koekie-en-Kersmarkdag: *3 Desember [9:00 tot 12:00]*
Verskeidenheid koekies, speelgoed, klere en Wit Olifante te koop. Vir die honger en dors is daar: Pannekoek, vetkoek burgers en koeldrank!
Navrae: Helanie Viviers, 012 333 3969 / 083 273 5690

Ander nuus

❖ Kerkbode

Verskyningsdatums

Kerkbode se laaste Amptelike Nuus vir 2022 verskyn op Donderdag *15 Desember* en sal weer vanaf *9 Januarie 2003* hervat word. Die eerste Amptelike Nuus van 2023 verskyn Vrydag *13 Januarie 2023* op Kerkbode se webtuiste.
Die laaste vakatures word op Maandag *19 Desember* geadverteer. Bybel-Media se kantore sluit Dinsdag *20 Desember* om 12:00. Die kantore heropen weer op *4 Januarie 2023* en sal dan weer vakatures kan begin ontvang met die oog op plasing. Die sperdatum vir bydraes om in 2023 se eerste gedrukte Kerkbode te verskyn is Vrydag *13 Januarie 2023*. Verskyningsdatum: *27 Januarie 2023*.

E-Koerant

[Kliek hier](#) om die gratis e-koerant van *2 Desember* aanlyn te lees. Ontmoet die Klas van 2022 in die proponentebylaag.

❖ Bybel-Media

Dagbeplanners vir 2023 – Bybel-Media skryf: "Maak 2023 jóú jaar met een van Bybel-Media se nuwe dagbeplanners. Beplan jou dae, bereik jou doelwitte en pak die jaar aan met inspirerende stukkies om jou geloof te versterk". [Kliek hier](#).

❖ Bybelgenootskap

Afrikaanse Bybel nou in braille beskikbaar

Rodney van Wyk van die Bybelgenootskap het vandeesmaand die eerste braille Bybel in die Afrikaanse 2020-vertaling aan André Steyn, een van die inwoners van Innovation for the Blind in Worcester, oorhandig. [[Kliek hier](#) en lees verder]

❖ Vakatures

Kerkbode: [Kliek hier](#) vir die vakatures in die elektroniese Kerkbode.

Stellastraat: Voltydse Leraarspos - Die gemeente is geleë in die ou Ooste van Pretoria, wat Menlopark, Ashlea Gardens, Maroelana, dele van Waterkloof, Waterkloofhoogte, Newlands en Brooklyn insluit. Daar het die laaste paar jaar redelike groot demografiese veranderinge binne die gemeentegrense van Stellastraat plaasgevind, en die proses is voortgaande. Volgens die databasis van die gemeente is daar tans 3220 lidmate - waarvan 'n beduidende persentasie onder 35 is.
Aansoeke: Belangstellendes gaan asseblief na die volgende skakel vir inligting oor wat van aansoekers verlang word: *http://www.stellastraat.co.za/aansoeke*. Voornemende aansoekers wat meer inligting wil bekom, kan enige tyd een van die vier huidige leraars of die administratiewe bestuurder, Malan Nel, *malannelup@gmail.com* kontak. [Kliek hier](#) vir die volledige advertensie. Aansoeke sluit *8 Januarie 2023*.

Môregloed: Leraarspos [vastetermyn 3 jaar] - Die gemeente is 'n tipiese voorstedelike gemeente in die Noord-Oostelike deel van Pretoria (bekend as die Moot), wat gedurende November 1958 tot stand gekom het en tans uit ongeveer 260 belydende en 38 dooplidmate bestaan. Die gemiddelde ouderdom van lidmate is ongeveer 55 jaar.
[Kliek hier](#) vir die volledige advertensie. Aansoeke sluit op *31 Januarie 2023* om 00h00.

Fotos

Blaai om na bladsy 5 en kyk gerus na hoe ons vanjaar sinodesitting gehou het. Meer fotos sal mettertyd ook op ons webwerf geplaas word.

So hou Noordelike Sinode sinodesitting
16-20 Oktober 2022